

Geen Plek vir Jesus

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: B130a Eng/Afr.

Skriflesing uit Lukas 2:1 – 7

Kernvers : 7 – ‘en sy het haar eersgebore Seun gebaar en Hom toegedraai in doeke en Hom in die krip neergelê, omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie.’

Geen plek vir Jesus nie..... Josef moes sy gesin na Betlehem neem om in sy vaderstad ingeskryf te word. Tussen swierige kamele en minder swierige reisigers en karavane was daar een familietjie wat stadig voortbeweeg het en dit was Josef en Maria en hul ongebore kind.

Maria se tyd was naby en daarom kon hul nie vining beweeg nie, sodat teen die tyd wat hulle in Betlehem aangekom het was die plek reeds oorstrom en al die herberge reeds vol. Daar was geen plek vir Jesus om gebore te word nie.

As al daardie mense wat hulle weggewys het maar net kon weet! Maar toe die Koning van die konings gebore is, moes Hy in ‘n krip neergelê word tussen die diere van die veld in ‘n stal. Josef en Maria het geweet en hoe opgewonde moes hulle net nie gewees het om die langverwagte Christus te ontvang?

Die engel het aan hulle albei verskyn en vertel van die Koninkryk waaroor hierdie Kind die Koning sou wees – hulle het besef dat Maria hierdie kosbare skat in haar skoot gedra het en hulle was oorstelp van vreugde te midde van daardie nederige omstandighede.

Mag die Here ook met u en met my vandag praat oor baie tye, geleenthede en gesindhede in ons lewens waar ons nie tyd of plek gehad het vir Jesus nie... Jesus is in Sy Woord en op daardie plek as ek op my knieë gaan voor Hom – daar sal ek Hom vind. Ons het dikwels so baie dinge aan en geen tyd vir Jesus nie.